behandel. Kort artikels oor bepaalde aanhangers van aspekte van die godsdiens word deurgegee.

Wat die institusionele praktyk betref, word verwys na die Keiser, na helde en na die heilige plekke. Die wyse waarop heilige plekke byvoorbeeld gewy word, word beklemtoon.

Hierdie werk is omvangryk, maar werklik te weinig gebonde aan 'n sentrale tema. Daar is geen deurlopende lyn nie. Die artikels is kort losstaande stukke op hulle eie en word nie aan mekaar geskakel nie. Verder is dit 'n hoogs tegniese boek wat slegs vir die ingewyde leser toeganklik is. Die navorsingsimplikasie van die bron is egter hoog en sal dus goedskiks beskikbaar gestel kan word vir navorsers wat op die spesifieke terrein ingestel is.

- **Prof P Verster**

R A Jonas

# HENRI NOUWEN

New York: Orbis Books

Henri Nouwen het gedurende sy leeftyd heelwat invloed uitgeoefen en boeke geskryf binne die veld van spiritualiteit. Sy dood in September 1996 was 'n gevoelige slag vir diegene wat hom persoonlik geken of deur sy boeke met hom kennis gemaak het. Robert Jonas was 'n persoonlike vriend van Nouwen wat vir 'n geruime tyd ook by die familie Jonas ingewoon het. Hierdie noue verbintenis tussen Jonas en Nouwen het die skrywer in staat gestel om die persoon Nouwen, sy lewe en lewensbeskouing, sy toewyding, maar ook sy innerlike stryd as geloofsmens baie goed te beskryf. Diegene wat Nouwen deur sy boeke ken, kry hier 'n beskrywing van die mens Nouwen en gee die leser meer begrip vir die inhoud en betekenis van sy werke. Jonas slaag daarin om krities-evaluerend na Nouwen te kyk en sy hoofbeklemtonings in sy werke goed te koördineer. Die eerste deel van die boek handel dan oor Nouwen as mens en skrywer, terwyl die tweede deel baie goeie grepe uit

Nouwen se werke aanhaal. Die leser kry hierin werklik 'n baie goeie snit uit Nouwen se boeke. Vir die leser kan die lees hiervan geloofsverrykend wees. Inderdaad 'n goeie boek binne die veld van spiritualiteit.

- **Prof J S Kellerman**

Tristian Anne Borer

# CHALLENGING THE STATE. CHURCHES AS POLITICAL ACTORS IN SOUTH AFRICA. 1980-1994.

Notre Dame, Indiana: University of Notre Dame Press. 1998 pp. 289. Sagteband.

Die jeugdige Tristan A. Borer (1965 - ), "Assistant Professor of Government" by Connecticut College, Notre Dame, het Suid-Afrika drie keer in die loop van vier jaar besoek. Tydens sy besoek in 1993 het hy onderhoude met 'n twintigtal meningsvormers in die geledere van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) en die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskopskonferensie (SAKBK) gevoer: van Chikane en Cochrane, tot Kistner, Beyers Naudé, Nolan en Villa-Vicencio. Borer se kennis van die Suid-Afrikaanse (kerk)geskiedenis berus verder op 'n indrukwekkende bibliografie van uitsluitlik Engelse standaardwerke en artikels, asook primêre bronne (notules, verslae, pamflette, briewe) uit die argiewe van die SARK en SAKBK, en dié organisasies se onderskeie mondstukke, *Internos* en *Ecunews*.

Maar was dit genoeg om 'n boek die wêreld in te stuur met die ambisieuse titel *Challenging the State. Churches as Political Actors in South Africa, 1980-1994?*

Borer se intensie was om die laaste dekade-en-'n-half van die stryd teen die apartheidsbewind te beskryf, en spesifiek die rol van "kerke" in hierdie stryd. Ná 'n eerste sistematiese hoofstuk oor politiek, kerke en kontekstuele verandering beskryf Borer die wortels